

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

SHAN CHETTY
28

CASE NO. 18/75/254
30TH SEPTEMBER 1975.

In the matter of:

THE STATE

vs.

S. COOPER AND EIGHT OTHERS.

VOLUME 28

PAGES 1891 - 1942.

LUBBE RECORDINGS (PRETORIA)

HOF HERVAT

PETRUS LODEVIKUS DU TOIT nog onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MR SOGGOT: My Lord, we have in the meantime have copies of the relevant photographs.

I don't know if Your Lordship has it in your possession, and my Learned Friend has also been given a set. I don't know whether Your Lordship wishes me to refer the witness to the photographs again for his comment.

BY THE COURT: Well hasn't Mr. Allaway done so?

MR SOGGOT: He has done so, My Lord but Your Lordship didn't have.. (talking together) Then may I proceed? 10

BY THE COURT: Yes.

MR SOGGOT: Kaptein du Toit, ek wou u graag verwys na RALLY A10/18. Ek vertrou hulle is in 'n behoorlike volgorde. -- Ek sien dit.

Nou blykbaar is hierdie kiekies geneem op 'n stad vir voor die aankondiging gemaak is dat die mense moet uitmekaar gaan. Kan u vir ons miskien bietjie help om die tyd-stadium te bepaal? -- Edele, nee, dit is moeilik, fotos is bedrieglik. Ek kyk net ek sien nie die polisiemotor hier nie. Die motor wat gebruik was met die luidspreker. 20

Waar sien u hom? -- Ek sê ek sien nie die motor nie.

Is dit moontlik dat hierdie foto geneem is voordat hy daar gearriveer het, ek neem aan. -- Dit mag so wees.

Op 'n skatting wanneer sou hierdie kiekie geneem word, kan u vir ons help? -- Edele, soos die skare aantoon moes dit al definitief in die omgewing van hier by sal ek sê 5,30 of miskien later, dit is moeilik om te sê.

Nou die posisie van die skare op die pad het dit verander teen kwart voor vyf sal ons sê - ek bedoel kwart voor ses. En indien daar 'n verandering ingetree het kan /.. 30

kan u dit verduidelik? -- Edele, ek sal sê die noemenswaardige verandering daar is eintlik toe beskuldigde nr. 2 daar aangekom het.

Maar sou u sê dat toe hy aangekom het, die skare gestaan het, min of meer in die posisie aangedui in hierdie kiekie? -- Edele, min of meer miskien 'n bietjie meer na sal ons nou verwys na die oostelike rigting, miskien 'n bietjie meer na daardie kant toe.

Dit is af Winterton Walk? -- Dit is korrek.

In die rigting van die busstop? -- Dit is korrek, 10
want die hek is op die ander punt van die skare.

En die relevante hek is dié een wat verskyn langs die kennisgewing wat sê Park and Eat, is dit reg? -- Dit is so.

Nou meneer, net om 'n bietjie duidelikheid te kry, hoeveel meer in 'n oostelike rigting sou u sê die skare was op die stadium kwart voor ses? -- Ek sal sê Edele, 'n paar tree miskien as ek nou praat van die middelpunt van die skare miskien 'n paar tree na die oostelike rigting.

Sou ons sê twee of drie of vier? --Dit is moeilik 20
om te bepaal op die foto presies. Dit blyk vir my op die middelpunt van die skare min of meer sal ek sê oor die laaste - regoor die laaste ingangs-hek, miskien vier of vyf tree.

Vier of vyf tree meer in 'n oostelike rigting. --
Dit is so.

En sover as hoeveelheid betref, het die skare aangewas, ek praat nou van die skare op die padmeneer, op Wintertonweg, het dit aangewas op enige noemenswaardige wyse? Tussen die tyd dat hierdie kiekie geneem was en 30
net voor die aankondiginggemaak was? Deur mnr. Jordaan?--

Ek sal nie sê noemenswaardig nie, Edele.

Dit lyk asof die polisie het geen pogings aangewend - ten minste op hierdie stadium, om die mense terug te dryf. Met ander woorde, om 'n spasie tussen die Polisie lede en die publiek te veroorsaak. -- Nee, Edele, daar was geen pogings aangewend voordat die bevel gekom het dat die honde moet uitgebring word en die skare moet omsingel word nie, met die doel om hulle te arresteer nie.

Meneer, volgens hierdie kiekie, ek is nie seker nie, maar sou u sê daardie motorhek wat ons A genoem het, is oop 10 of nie? -- Dit blyk vir my of hy oop is. Dit lyk amper asof daar - dit is moeilik om te sê maar of 'n polisieman miskien in die hek staan of iets. Daar is 'n persoon in elk geval wat daar staan blykbaar.

Net een ander punt. Dit blyk duidelik dat hierdie kiekie moes van die wal af geneem word? -- Dit is so, dit wil vir my so voorkom.

Nou meneer, net een ander punt. Kan u miskien vir Sy Edele aandui waar u gestaan het in hierdie prent. Ek gee nie om nie op hierdie stadium waar die skare was nie, 20 maar waar, geografies gesproke, het u gestaan in hierdie prent net toe die aankondiging deur mnr. Jordaan gegee is? Ek wonder of u 'n kol kan aandui op die kiekie? -- Dit weer eens is 'n moeilike vraag. Ek het in elk geval deurentyd min of meer beweeg in die gebied tussen die twee hekke, ek dink dit is A en C.

Tussen die twee motorhekke? -- Ja. Daar was 'n stadium wat ek nader aan die wal beweeg het toe die skare daar was, maar waar ek presies op hierdie stadium was, ek moes in daardie omgewing seker gewees het.

30

En as u praat van die spasie tussen A en C, u

bedoel/...

bedoel natuurlik aan die noordelike kant van Winterton Walk? -- Dit is korrek, ja.

Sou u sê op Winterton Walk of net voor daardie - kan ons dit die gebou noem met die woorde Curries Fountain, daardie hekke daar. -- In daardie gebied daar het ek omtrent deurentyd...

Dit is die toeskouershekkie daar? -- Die toeskouershekke ja.

Met ander woorde u het daar op en af beweeg? -- Daar op en af beweeg.

10

En op die stadium toe nr. 2 op die toneel verskyn het, kan u vir ons meer duidelik vasstel waar u gestaan het? Of is dit nogtans moeilik? -- Edele, as ek reg onthou sal ek sê dit was min of meer in die gebied tussen waar die polisiemotor gestaan het met die luidspreker, en die hek A.

Kan u miskien 'n kol aanbring op die kiekie om net duidelikheid te kry. Hier is 'n rooi pen meneer. -- Ek het dit.

Dankie. -- Dit is nie met sekerheid nie, maar dit is na beraming wat ek sê waar dit was.

20

O u sê u kan nie presies vasstel nie, maar kan ons aanneem dat dit was 'n paar tree in daardie omgewing? -- Ek kan nie met sekerheid sê nie, Edele, maar ek vermoed dit is in daardie omgewing.

En op daardie stadium waar het majoor Stadler gestaan? -- Nee, dit sal ek nie kan sê nie.

U kan nie onthou nie? -- Ek kan nie onthou nie.

En kan u onthou weet u waar mnr. Welman gestaan het op daardie stadium? -- Nee, ek sal nie met sekerheid kan sê nie.

30

Het /...

Het u min of meer in dieselfde area gestaan? --
Dit is so, ons het min of meer in dieselfde area rond
beweeg.

En dit sou wees in die algemene omgewing van
motorhek A? -- Tussen motorhek A en ook die polisiemotor
min of meer, die polisiemotor wat die luidspreker op gehad
het.

Nou mnr. Du Toit, los ons net vir een oomblik
hierdie kiekie. U was volgens u getuienis, soos ek dit
nou verstaan, u was op die oppervlakte, dieselfde opper- 10
vlakke as die straat, u was nie op enige verhoog nie waar
nie? -- Nee, ek was nie op 'n verhoog nie.

En ons het alreeds gehoor dat daar 'n redelike mate
van chaos en beweging geheers het wat die skare betref? --
Ja, daar was baie gesingery, baie geraas.

En tot 'n sekere mate beweging in die skare self? --
Dit is korrek.

En ek verstaan dat op een stadium was die skare
heelwat meer na die westelike kant van Winterton Valk in
vergelyking met hoe dit staan op RALLY A10/18. -- Dit is 20
so, Edele.

En dan het dit weer terug beweeg in 'n oostelike
rigting? -- Edele, ek sal nie sê daar was 'n noemenswaardige
beweging nie, maar hierdie foto is natuurlik van 'n skuinsste
geneem, dit is moeilik, maar ek sal sê die konsentrasie
tot voor die eerste aankondiging van die kolonel was min
of meer in hierdie opening. Op hierdie foto A10/18, die
opening voor 'n mens die skare sien.

DEUR DIE HOF: Dit wil sê wes van die groep daar? -- Dit is
korrek. En meer op die sypaadjie se kant en so aan. 30

MNR SOGGOT: En natuurlik meneer is dit moeilik om in 'n
skare/...

skare in te kyk as jy op dieselfde oppervlakte is as die skare? Ek neem aan daar is die koppe van die mense wat naby u is, en hulle belemmer u uitsig van die ander lede vanselfsprekend? -- Normaalweg, maar ek het natuurlik die voordeel dat ek 'n bietjie langer is as die gewone man en dan kyk ek oor hulle koppe.

Hoe groot is u meneer? -- Ses voet ses.

Ja, dit is darem 'n voordeel. Maar in elk geval dit help u net tot 'n klein mate in vergelyking met enige ander persoon. Nie waar nie? -- Ja, maar ek kan darem 10 gewoonlik as ek tussen mense staan behoorlik oor hulle koppe kyk.

Wat daardie plek betref en daardie skare betref, was dit natuurlik moeilik vir u om 'n presiese uitsig te hê van die mense - van al die mense wat in die skare gestaan het. U kan maar net party van hulle sien? -- O, ja.

En u kon nie sien alles wat aangegaan het in die skare self. -- Dit is so, mens kan nie die bewegings en optredes van persone, al die persone waarneem wat in die skare is nie. 20

Nou toe het ons die verloop van die verskillende episodes. Eers het mnr. Jordaan 'n aankondiging gemaak nie waar nie, en toe die Bantoesersant het 'n aankondiging gemaak? -- Dit is korrek.

Nou en nadat die Bantoesersant sy aankondiging gemaak het, daar was 'n beweging van die skare op die straat? -- Ja, hulle het deurentyd het hulle maar beweeg nie noemenswaardig na enige kant toe nie, maar daar was gedurig beweging en dan natuurlik toe was daar hernu-^{de}geskree en gesing ensovoorts. Krete. 30

Maar beweging insoverre dat hulle gedans het? --Ja.

Nou/..

Nou dat ons nou praat van noemenswaardige bewegings. Na die swart sersant se aankondiging was daar enige noemenswaardige bewegings? -- Edele, ek, soos ek sê daar was nie noemenswaardige - nou as ek sê noemenswaardige dan daar was nie byvoorbeeld hulle het tien tree diékant toe beweeg of tien tree na die anderkant toe beweeg nie, hulle het rond beweeg. Hulle het met tye 'n bietjie na vore gekom in die rigting van waar die polisie was en dan weer terug beweeg.

Vir hoe lank het hierdie soort bedrywigheid aan die 10 skare aangegaan na die Swart sersant se aankondiging? En ons is baie geïnteresseerd meneer in die, sover moontlik, presiese verloop van tyd. -- Wel, Edele, dit was nie lank daarna dat beskuldigde 2 op die toneel verskyn het nie, dit was 'n kwessie van minute.

Nou hy was omsingel deur mense nie waar nie, soos u reeds verduidelik het? -- Dit is korrek.

En daarna het die skare toe beweeg en ek bedoel nou in 'n noemenswaardige rigting? -- Toe hy aankom het hulle in 'n effense oostelike rigting beweeg waar hulle hom 20 ontmoet het, waar hulle hom om die nek geval het, het hulle in die rigting van die hek beweeg.

Nou sou u sê u kan sê die hele skare het na die hek beweeg of het u net etlike mense gesien of 'n gedeelte van die skare wat na die hek beweeg het? -- Ek sal sê die kerngroep wat daar gedans het al die tyd het na hom beweeg.

Het hulle... -- Natuurlik daar was omstanders aan die buitekante.

Het nie hierdie hele groep gedans? -- Ek dink die 30 kern..

Van die skare op die straat. -- Ja, die kerngroep daar het gedans, dié wat gedans het, voor dit het ook weer gedans.

Maar van die skare u sê gedeelte ten minste het na die motorhek toe gegaan. As ek die motorhek noem, ek bedoel motorhek A. -- Die kerngroep gelei deur beskuldigde nr. 2 het in die rigting van die hek beweeg. Dit was min of meer dieselfde groep wat in die straat voorheen vergader het.

Het 'n ander gedeelte van hierdie groep reguit in 10 'n oostelike rigting, dit wil sê af Winterton Walk beweeg of probeer beweeg? -- Nee, ek sal nie sê. Daar mag 'n paar persone maar nie meer in 'n groep as sulks nie.

Was u in staat eintlik om te sien watter gedeelte van hierdie groep na die hek toe gegaan het, en watter gedeelte in enige ander rigting gegaan het? -- Ek sou so sê Edele, as noemenswaardige groep in 'n oostelike rigting met Winterton Walk afbeweeg het, sou 'n persoon dit waar- geneem het.

Wat sou u sê was die grootte van hierdie groep wat 20 beweeg het in die rigting van die ingang, die hek? -- Dit was min of meer dieselfde groep wat eerstens bymekaar gekom het tussen 200 en 300 'n skatting.

Dit wil sê of bedoel u nou die mense eintlik wat op die straat was? -- Die mense wat gedans het wat die groep daar gevorm het en wat gedans en gesing het en slagspreuke geskree het.

Nou was hierdie groep, mag ons dit die kerngroep noem dit is u woord, was dit geskei vanaf die ander mense? -- Ek verstaan nie wat u bedoel nie. 30

Was hulle apart? -- Die ander mense wat in die straat

was/.

was is polisie, speurders, koerantmanne en dan sal ek sê daar was sekere klompie nuuskieriges ook.

Die klompie nuuskieriges was hulle net 'n etlike paar persone of was hulle.. -- Ek sal nie sê dit was 'n groot hoeveelheid persone nie, meeste nuuskieriges het teen die wal en bo-op die wal gestaan.

In ander woorde dan, wanneer u praat van hierdie kerngroep u bedoel in werklikheid die mense wat beweeg het en gedans het op die straat? -- Dit is wat ek bedoel.

En hulle was 200 tot 300? -- Tussen 200 na 300 my 10 skatting.

Nou meneer, beweer u dat beskuldigde nr. 2 beweeg het in die rigting van motorhek A? -- Dit is so.

Bedoel u presies in sy rigting, nie min of meer maar presies in die rigting van motorhek A? -- Wel dit is die indruk wat ek gekry het dat hy in die rigting van hek A beweeg.

Nou vanaf die tyd dat nr. 2 daar aangekom het, het u hom dopgehou die hele tyd? -- Ek sal nie sê my aandag was al die tyd net op hom toegespits nie, maar dit was 20 toegespits op hom en die persone wat saam met hom was.

Maar kon u hom duidelik sien vanaf die oomblik dat hy arriveer het? Hy het nie uit u - uit gesig verloor nie? -- Daar mag tye wees wat hy kortstondig vir 'n sekonde of so uit sig uit is, wanneer hy agter ander persone is en so aan.

Nou meneer, kan u asseblief op hierdie kiekie, dit is weer RALLY A10/18 aandui waar nr. 2 omhels was toe hy aangekom het?

MNR REES: Ek weet nie wat die bedoeling van dié kruisverhoor 30 is nie, maar om so 'n soort kiekie uit te kies lyk my is

net /...

net verwarrend. Ons het die plan, ons het ander kiekies wat die getuie dit miskien meer duidelik kan aanbring. Om hom hier te vra op 'n kiekie wat nie die toneel aandui soos dit was nie gaan tot verwarring lei later wanneer ons vergeet spesifiek wat die opset van -- altans wat die aard van hierdie kruisverhoor is.

MR SOGGOT: My Lord, there is a problem. The sketch plan is not according to scale and in fact it is misleading as I will indicate through cross-examination shortly.

BY THE COURT: What about the aerial photograph? 10

MR SOGGOT: My Lord, that is far too small. This is a problem I am very much aware of My Lord and unfortunately we haven't got the information which enables us to draw up a scale plan and if I may immediately indicate My Lord, if Your Lordship refers to the plan A5 Your Lordship will see that motorgate A..

BY THE COURT: Is it A5 or is it RALLY 5.

MR SOGGOT: It is RALEIGH A5A, My Lord, it is the sketch plan which was handed in. Your Lordship will see that the motorgate A is in line, according to this plan, with the "toeskouershekke" the spectators' entrances. In fact, as the Court will see, from RALLY A10/18 it in fact has a completely different configuration. There is a wall which extends in a southerly direction and that is one of the reasons My Lord, why I am actually trying to get clarity on this photograph. May the witness proceed My Lord? 20

BY THE COURT: Yes. -- Edele, dit is by benadering. Hierdie foto is van 'n hoek van omtrent 45 grade geneem.

MNR SOGGOT: As ek u mag in die rede val, as u verwys na RALLY A10/1D hierdie een. -- Ek sien dit. 30

It may be that this photograph will give him a better opportunity/...

opportunity. -- Ek het dit, Edele.

BY THE COURT: Well if one views it from the oblique angle here, it is very difficult to be able on the photograph to find a point which would be exactly opposite the gate.

MR SOGGOT: It is difficult, My Lord, it is the problem with both of the photographs and that is, they take it from the side, but I have given this to the witness.

Hierdie RALLY A10/1D help dit u in enige mate om daardie punt vas te stel? -- Dit is ewe moeilik Edele, hy is weer van die teenoorgestelde kant ook van blykbaar 'n hoek van 10 omtrent 45 grade geneem.

DEUR DIE HOF: In elk geval, miskien wil mnr. Soggot net weet waar was u in verhouding met die groep mense. -- Ek het met 'n kruisie aangedui.

Wel dit het u al vir ons getoon met die merk. As ek u reg verstaan, u het rondbeweeg, u het nie op een plek stilgestaan nie? -- Nee, ek het nie op een plek stilgestaan nie.

MNR SOGGOT: Meneer, kan u aandui sover moontlik... -- Ek het.

Waar die omhelsing was?

20

DEUR DIE HOF: As u net vir 'n oomblik kyk na RALLY A10/16. -- Ek sien dit.

Dan is daar 'n groepie mense heeltemal aan die oostekant daar waar die karre staan. -- Ek sien hulle.

Die opening en dan is hierdie konsentrasie mense onmiddellik op die voorgrond. -- Ek sien dit.

Die mense wat daar eenkant staan, ek sien hulle is met hulle hande gevou van hulle. Is hulle nou eintlik die nuuskieriges of is hulle ook deel van die groep? -- Dit is nuuskieriges en daar was natuurlik verskeie polisiemanne, 30 speurders ensovoorts. Dit wil sê dit is nuuskieriges en..

So /...

So hierdie konsentrasie mense op die voorgrond is dit nou eintlik die groep wat eintlik gesing en dans het ensovoorts en geskree het? -- Dit is so.

Die nuuskieriges het dit met hulle ook gebeur? -- U meen dat hulle..

Die wat op die agtergrond gestaan het, het hulle ook byvoorbeeld krete geskree of tekens gegee of soiets? -- Edele, daar mag van hulle wees wat in beweeg het, maar as u hier na die regterkant kyk, daar is 'n paar Blankes aan hierdie kant ook, 'n paar dames, dit is mense, ek weet 10 nie of dit hulle hier is nie, maar mense wat ek opgemerk het daar was 'n paar Vita Bolton en sy suster en so 'n paar Blankes.

Was hulle betrokke hierby of maar meer...-- Nee, hulle het maar meer soos wat ek van hulle gesien het, was hulle ook maar meer daar net uit nuuskierigheid uit daar.

Die mense op die wal, was hulle ook heeltemal ge-distansieer van die groep hier voor op die pad net voor die sportsgronde of het hulle ook deelgeneem, het hulle ook krete, en tekens gegee en so aan? -- Daar het van hulle 20 krete gegee en die hand in die lug en geskree en so aan, maar hulle het hulle nie...

Die mense op die wal? -- Van die mense op die wal. Ek dink daar is van die fotos wat dit uitwys, Edele.

MNR SOGGOT: Dit lyk volgens die fotos hierdie waarna Sy Edele verwys het en ook andere, dat daar was maar net party mense tussen die skare op die straat wat eintlik bedrywig was, sover as krete en swartmagteken betref?-- Soos ek sê die groep indie straat?

Ja. -- Nou as sulks was daar persone in die buite- 30 kringe wat nuuskieriges was en so aan, en dan moet 'n persoon/...

persoon in aanmerking neem dat dit is 'n foto en die mense beweeg in en uit, 'n persoon sal jy op een oomblik op die kant sien en die volgende oomblik verdwyn hy weer tussen die groep in.

My Lord, may I, for the record, indicate as A the position where he stood and B where the accused was "omhels".

BY THE COURT: Well will you describe it?

MR SOGGOT: My Lord, the marks have been made on your - on the photograph which I am going to hand back now, A10/18.

DEUR DIE HOF: Is dit nou reg om te sê die merk wat u gemaak 10 het is op die regterkant van die groep, wat eintlik gekonsentreer is op die hekke. -- Dit is so.

Aan die regterkant, meer aan die oostekant kan jy sê van die groep. -- Dit is so.

MNR SOGGOT: My Lord, I have marked the part where there was an "omhelsing" as B. En dit meneer, dit lyk asof dit amper regoor die motorhek sou wees. -- Min of meer.

En dan u beweer dat hulle het regstreeks of liewers nr. 2 en dié wat saam met hom was het regstreeks na die motorhek gegaan en in daardie rigting. -- Hulle het in 20 die rigting van die hek beweeg.

En op daardie punt u is heeltemal seker? -- Dat hulle na die hek beweeg het?

Dat hy en die mense met hom het gekyk na die hek en in die rigting van die hek beweeg? -- Toe hulle die danspassies begin uitvoer het hulle direk in die rigting van die hek beweeg.

Direk in die rigting van die hek. En dit is nou - dit geld nou vir daardie hele groepie, die kerngroep soos ons dit noem? -- Dit is so.

30

En sou u sê hulle het almal gedans op daardie

stadium?/..

stadium? -- Hulle het 'n soort van 'n kettingreaksie gevorm en ek sal nie kan sê of almal gedans het nie.

Ja, maar die meerderheid van hulle het gedans? --
Ja, dit is reg.

En het hulle in range vorentoe beweeg of net as 'n skare as 'n bondel? -- Daar was 'n paar wat mekaar so van agter gevat het en die kort passies uitgevoer het.

Was hulle op die voorpunt? -- Hulle was min of meer op die voorpunt, ja.

En hoe ver... -- In die kern, hoe sal ek sê, die ander 10 in beweeg, daar was mense aan die kante ook natuurlik.

Ja, en het u op die voorpunt het dit nr. 2 ingesluit of was hy bietjie agter die voorpunt op daardie stadium? --
Nr. 1 was min of meer op die voorpunt.

Min of meer op die voorpunt? -- Ja. Nr. 2 ekskuus.

Ons praat nou van nr. 2. As u sê min of meer, bedoel u daar was miskien persone voor hom of was hy tussen diégene tussen die eerste rang? -- Van die groep dansende persone was hy min of meer op die voorpunt gewees, daar was mense aan sy kant gewees.

En op daardie stadium, ek dink u het ons alreeds gesê u was nog min of meer in die omgewing van posisie A soos u aangedui het. -- Sover ek kan onthou, Edele.

Nou meneer, op die stadium toe nou die bevel gegee was, arresteer hulle, waar was nr. 2? Watter vordering indien enige het hy gemaak? -- Edele hulle was nog nie by die hek gewees nie, hulle was 'n paar tree van die hek af as ek reg kan onthou.

Meneer, ons is baie geïnteresseerd in daardie presiese besonderhede indien u vir ons kan help sou u sê 30
een twee drie tree? Of meer? -- Edele, ek sal by skatting

sê min of meer vyf tot ses tree.

En op daardie stadium was die bevel gegee arresteer hulle? -- Ja, die bevel was gegee dat hulle moet gearresteer word, die honde natuurlik is uitgebring met die doel om hulle te omsingel.

Nou het die honde uit Hek A gekom? -- Die meeste van die honde het daar uitgekom, ja. Ek sal nie met sekerheid kan sê of al die honde daaruitgekome het nie.

Ongeveer, as u ons kan help, hoeveel honde het daar uitgekom op daardie stadium? -- Ek - daar was 'n hele paar 10 honde gewees, ek het op daardie stadium nie geweet nie, eers daarna het ek verneem hoeveel die getal honde was.

Meneer, kan u baie kortliks vir ons aandui watter stappe die polisie en julle veiligheidsmanne geneem het om daardie mense te omsingel en te arresteer? Net 'n kort beskrywing van die reaksie van die.. -- Edele, as ek dit net mag duidelik stel, die veiligheidspolisie as sulks se taak was nie om - wel ons sal behulpsaam wees as daar enige voorvalle is, maar ons taak in besonder was nie om mense te arresteer nie. Ek dink in hoofsaak is ons doel 20 om te probeer bepaal en persone te identifiseer wat by die byeenkoms was en ook om te bepaal of die persone wat dan daar optree in 'n leidende hoedanigheid wie hulle is en te probeer vasstel of hulle wel dan lede of sê ondersteuners van beide organisasies is.

Het julle... -- As ek net mag verder gaan, die - sover dit die polisie-optrede daar was dit natuurlik uitsluitlik in die hande van die uniformlede onder bevel van kolonel Jordaan. Ek neem aan dat daar onderhandelinge tussen hom en ook majoor Stadler van ons senior offisiere my eie bevel- 30 voerder was ook daar, moes gewees het en dat ek verneem

het dat daar is besluit dat die persone gearresteer moet word, hulle moet omsingel word, die honde gaan gebruik word om hulle te omsingel en te arresteer.

Was hierdie besluit - mag ek dit so stel - sover u kennis gestrek het, was u bewus van enige plan om moontlike sprekers of persone wat optree in 'n leidende hoedanigheid, te arresteer daardie namiddag? -- Ek sou dink dat deurgaans die houding van die polisie was dat die vergadering is verbied; dat daar waargeneem sal word wat daar sal gebeur; dit was in die Pers aangekondig dat 10 die byeenkoms wel gehou sal wees, afgesien van die feit dat dit in die ban gedoen is en ek sou sê dat die polisie het soontoe gegaan om te verhoed dat die vergadering plaasvind en die persone wat dan, indien daar 'n Rally sou wees, die persone mee te deel dat die byeenkoms verban is, dat hulle 'n oortreding pleeg; dat hulle kan arresteer word, en die polisie neem ek aan was voorbereid dat indien daar nie ag geslaan word op die versoek of aankondigings nie, dat die nodige stappe geneem sal word om die persone te arresteer. 20

Ja, dit is nou alles afleidings wat ons dan wel kan verstaan. U het op geen stadium dié aspek met mnr. Stadler of met mnr. Welman bespreek nie voor dié episode nie? -- Edele, van die kant van die veiligheidspolisie was dit wel bespreek. Dit is bespreek dat sover as die arrestasies en optrede gelaat sal word by die uniformafdeling van die polisie en dat ons veiligheidspolisie sal soontoe gaan om in samewerking met die polisie daar op te tree en aan hulle sekere dinge uit te wys wat ons dan daar sal waarneem.

Goed, meneer, nou ons was op die stadium waar die 30 honde uitgekom het. Het hierdie groepie met nr. 2 daarin, onmiddellik/..

onmiddellik weggehardloop? -- Ja, die bevel is gegee deur die kolonel op die hand luidspreker en toe die eerste honde hulle verskyning maak, toe het almal laat spaander, en nr. 2 was een van die eerstes wat gehardloop het.

En in watter rigting het hy gehardloop? -- Edele, dit was op daardie stadium toe die honde uitkom toe het almal laat spaander, maar ek sal sê hulle het min of meer in 'n suid-oostelike rigting weggehardloop, dit is die rigting waarin min of meer almal - party is teen die wal uit, party is in die straat af in 'n oostelike rigting. 10

Is dit wat u eintlik gesien het, of is dit net wat u verneem het? -- Nee, ek het gesien hoe die mense hardloop maar beskuldigde nr. 2 kan ek nie met sekerheid sê in watter rigting hy gehardloop het nie. Hy het omgevlieg en op daardie oomblik was daar deurmekaarspul want honde en polisiemanne, mense wat hardloop.

En toe die polisie met die honde uitgekom het, het die honde op daardie stadium onmiddellik gehardloop of het hulle stadig uitgekom of geleidelik uitgekom? -- Wel hulle het uitgekom in 'n groep en ek dink die idee was 20 daar dat hulle moes - dit was ongelukkig die enigste plek waar die honde versteek kon word was agter die ingangsmure, agter die mure van Curries Fountain waar die ingang was en met die gevolg hulle moes blykbaar dan uitsprei en probeer omgaan.

Maar was dit om so te sê 'n stormloop toe hulle in die hekke gekom het? In ander woorde.. -- Wel hulle het vinnig uit beweeg.

Vinnig uit beweeg? -- Vinnig uit beweeg.

Hou meneer om net na 'n ander tema oor te gaan, 30 indien, ek wil net hê u moet veronderstel dat die mense in

'n groep of groepie in die straat wou afgaan in 'n oostelike rigting, Winterton Walk af, sou u saamstem dat hulle sou tot 'n redelike mate belemmer gewees het in die - lateraal gesproke - omgewing van die motorhek A. Dat ek maar aangaan met die vraag net om die sin te kry. Soos aangedui op RALLY A10/18 is daar 'n muur wat lei van Curries Fountains daardie lang geboutjie, in 'n suidelike rigting nie waar nie, en dan kom die motorhek? -- Dit is korrek.

En dan net anderkant die motorhek is die hokkies 10 daar waar die kaartjies verkoop word. -- Dit is so.

En voor daardie hokkies, is ysterpype ten einde 'n tougang te vorm? -- Dit is korrek.

En onmiddellik of amper teen daardie pype is daar karre geparkeer? -- Dit is so, daar was karre parkeer.

Indien daardie persone dan in 'n oostelike rigting wou gaan, sou hulle tot 'n sekere mate nie belemmer gewees het deur al daardie versperrings nie, die pype en die karre en mense wat daar gestaan het? -- Dit is so, van die karre wel in die - maar dit was nie so absoluut - die straat 2 was nie as sulks tot 'n groot mate versper nie.

Was dit nie tot 'n sekere mate versper deur toeskouers wat daar gekom het nie? -- Nee, ek sou nie sê - ek glo nie daar was soveel toeskouers nie. As daar was was dit maar net weer persmanne moontlik en polisieamptenare wat daar rondgestaan het tussen die karre ensovoorts.

Kan u dit met sekerheid sê meneer? Is daar nie 'n moontlikheid dat daardie pad was heelwat versper deur persone wat - toeskouers wat daar gestaan het? -- Soos ek sê Edele, daar mag 'n paar persone gewees het, maar dit 30 kon nie so 'n versperring veroorsaak het nie. Daardie persone /...

persone wat deur die honde gejaag is, is dit een of twee persone wat sê nou maar in 'n ry daar gesit het, wat onderstebo gehardloop gewees het.

BY THE COURT: What stage are you referring to?

MR SOGGOT: My Lord, I am referring now to the moment the episode immediately after the use of the dogs. Alternatively, the movement of the crowd attempting to get through there. It is one or the other My Lord, I am testing the spacial relationships. Meneer, ek vra u daardie vraag want gister het u nie vir Sy Edele gesê dat persone op die oostelike kant van die skare het hierdie persone half teruggedryf - gedwing ek is jammer. -- Maar ek sou sê Edele, dat dit 'n deel van die groep was wat daar bymekaar gekom het. Dit is my mening, nie toeskouers of persone wat net daar uit nuuskierigheid gestaan het nie. 10

Met ander woorde dat die lede van hierdie kerngroep wat op die linkerkant, oostelike kant gestaan het, die groepie half gedwing het, is dit u bedoeling? -- Dit is my bedoeling, ja.

In die rigting van die hek? -- Wel eintlik, hulle het hulle teruggestoot in 'n westelike rigting sal ek sê, maar dit is net soort van keer keer die mense, hulle het hulle nie vir tree teruggestoot nie, hulle het net die mense soort van gekeer, miskien op 'n tree of twee. 20

Op watter stadium beweer u dat dit nou gebeur het, dat hulle mense in 'n westelike rigting teruggedryf het?-- Dit is op die stadium Edele, sou ek sê wanneer beskuldigde nr. 2 aangekom het en die mense na hom gestroom het, party verby half beweeg, die groep het so half verby beweeg en toe is daar mense wat gekeer het. 30

Het u getuienis betrekking nie op die tydperk toe hulle /...

hulle nou begin beweeg het in die rigting van die hek. --
Dit is min of meer in daardie tydperk, Edele.

Want dit is bietjie vaag meneer. -- Dit is ...

Op die stadium toe hulle beweeg het na die hekke
of nie. -- Edele nee, ek kan nie sien dat dit vaag is nie.
Die mense het soontoe oor beweeg die man ontmoet en daar
was persone wat hulle half terug beweeg het, omhels en
dit is 'n kwessie van 'n paar minute.

HOF VERDAAG

HOF HERVAT

10

GETUIE NOG ONDER EED

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR SOGGOT (Vervolg)

Mnr. du Toit, ek wil net graag afsluit met 'n paar puntjies.
U het ons vertel dat op 'n sekere stadium het mense op die
oostelike gedeelte van hierdie groep in 'n westelike rigting
gestoot? -- Dit is so.

Was hierdie persone op die pad, op die teer van
Winterton Walk? -- Ja, hulle was min of meer op die pad.

Op die...-- Op sal ek sê die noordelike kant van die
pad. In daardie omgewing.

20

En het dit plaasgevind onmiddellik nadat nr. 2 opge-
daag het? -- Dit het plaasgevind - wel na nr. 2 opgedaag
het, die persone na hom toe beweeg het, die hele groep na
hom toe beweeg het en half om het hulle hom teruggestoot
in daardie proses.

Ja, kon u op daardie stadium uitmaak wat die doel
was van hierdie stoot en in 'n westelike rigting? -- Na
my mening was dit om die groep daar te hou dat hulle nie
verder ooswaarts beweeg nie.

Meneer, sover nr. 2 betref, u sê u het hom gesien
en u kon hom dophou vir die grootste gedeelte van die tyd.

30

U /..

U het niks gehoor wat hy gesê het nie. -- Nee, Edele.

En u het geen gebaar op sy kant gewaar, hy was net daar? -- As ek reg onthou het hy ook geskree "power" op een stadium.

Afgesien van daardie gebaar en daardie slagspreuk, u het geen ander bedrywigheid of aksie op sy kant gesien nie. Met aksie bedoel ek natuurlik soos u beweer sy deelname aan die dansery in die groep. -- Dit is so.

Meneer, net so 'n paar ander puntjies. Met terug tekom na die honde. U het gesê die honde het uit die hek 10 gestorm en hulle wou die mense - die doel was om die groep te omsingel is dit reg? -- Dit was die doel Edele.

En as ek sê groep ek bedoel die kerngroep of was daar 'n bedoeling om die hele skare te omsingel? -- Nee, nee, net daardie kerngroep wat gesing en gebare gemaak het.

En het die polisiemanne met hulle honde in -- hoe sou ek dit stel - in verskillende rigtings gegaan om hierdie groep te omsingel? Met ander woorde, 'n klomp na die oostelike rigting en toe rondom en andere weer in 'n westelike rigting. -- Ja, soos ek reeds gesê het, toe hulle 20 uit die hek uitgekom het, het hulle eintlik in 'n V uit beweeg en blykbaar die doel was probeer om om te gaan.

Ja, en hierdie groepie insluitende nr. 2 nadat hulle begin hardloop, het hulle aangehou totdat hulle verdwyn het? -- Ja, hulle het in alle rigtings teen die wal en in die straat af en uitmekaar gespat en daar was daar 'n klompie gearresteer gewees.

Edele dit is al die vrae wat ek wou stel in verband met die Rally. Sover die bande betref, ek staan nog in dieselfde posisie in die geval van mnr. Du Toit as in die 30 geval van mnr. Nkosi. Die kliënte is besig op hierdie stadium/..

stadium om die Kajee Hall bande deur te gaan en blykbaar is dit - gaan dit baie stadig want dit is baie moeilik om te hoor en ons gaan probeer reëlings tref dat werk op hierdie bande gedoen kan word in die tronk in die aande. Afgesien van dit, Edele, ek het geen verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR PITMAN: Kaptein du Toit, soos ek dit nou verstaan het die honde uitgekome en taamlik vinnig uitgekome van motorhek A? -- Dit is so.

En soos die getuienis - soos u gesê het, het hulle uitgesprei in 'n V maar taamlik vinnig? -- Dit is so. 10

En u indruk was dat die skare toe hulle die honde sien uitkom, onmiddellik begin hardloop het veral nr. 2? -- Dit is so.

En hulle het aangehou om te hardloop? -- Dit is so.

Ek wil net twee kiekies wys. My Lord, unfortunately at this moment I haven't copies of these two but I will make arrangements. Die eerste een is dit 'n kiekie van u en kolonel Steenkamp? -- Dit is korrek.

Nou dit was nou taamlik vroeg in die namiddag gewees? -- Ja, dit is. 20

En daar is 'n voertuig wat in daardie kiekie daar staan. -- Ek sien dit, die heel eerste voertuig op die foto, is dit waarna u verwys?

Ja, die eerste een.

DEUR DIE HOF: Watter nommer is nou hierdie...

MNR PITMAN: 35 ek verstaan, Edele.

DEUR DIE HOF: RALLY A10/35.

MNR PITMAN: En hierdie kiekie, ek het nou hierop geskryf RALLY A10/36, wys dit dieselfde voertuig in die voorgrond?

-- Dit blyk so te wees. 30

Sal u nou saamstem dat daardie voertuig heeltemal duidelik/..

duidelik is dat daardie voertuig oos van motorhek A staan.
-- Dit wil so voorkom.

Dit is heeltemal duidelik is dit nie? Daar kan nie 'n fout wees nie, dit is duidelik dat dit oos van daardie hek is. -- Ja, as in aanmerking geneem word hierdie pyp.

Ysterpype? -- Tralies of wat ookal, dan wil dit voorkom asof dit so is.

En daar is ander voertuie wat daar ook staan wat nog verder na die oostekant is. -- Dit is korrek. 10

Kan u skat omtrent hoeveel voertuie daar is aan die oostekant, ek dink, kyk hierdie is A1/18 omtrent, voor jy by die polisie waens daar kom. -- Dit is nie baie duidelik hier nie Edele, maar ek tel omtrent sewe of agt.

HOF: Voertuie? -- Dit is korrek, Edele.

MNR PITMAN: Ek praat nou van op en af Winterton Walk, as jy nou afgaan is dit nou in 'n oostelike rigting soos ek u nou verstaan het. Dit is nou voertuie - as jy nou afgaan in Winterton Walk af is daar omtrent - hoeveel het u gesê? -- Omtrent sewe of agt. 20

Sewe of agt. --- Dit is tot by die polisie vangwa daarso.

Tot by die polisie vangwa. -- Dit lyk of daar nog ander voertuie staan.

Nou mag ek nou net reg verstaan, nr. 2 het daar gekom, die skare het in 'n oostelike rigting na hom toe beweeg, 'n bietjie beweeg en toe hy daar gearriveer het, was daar 'n druk in 'n westelike rigting? -- Ek sal nie juis sê 'n druk in 'n westelike rigting nie, dit is meer of die mense gestuit was om effens terug te beweeg, effens 30 in 'n westelike rigting.

Soos /...

stadium om die Kajee Hall bande deur te gaan en blykbaar is dit - gaan dit baie stadig want dit is baie moeilik om te hoor en ons gaan probeer reëlings tref dat werk op hierdie bande gedoen kan word in die tronk in die aande. Afgesien van dit, Edele, ek het geen verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR PITMAN: Kaptein du Toit, soos ek dit nou verstaan het die honde uitgekom en taamlik vinnig uitgekom van motorhek A? -- Dit is so.

En soos die getuienis - soos u gesê het, het hulle uitgesprei in 'n V maar taamlik vinnig? -- Dit is so. 10

En u indruk was dat die skare toe hulle die honde sien uitkom, onmiddellik begin hardloop het veral nr. 2? -- Dit is so.

En hulle het aangehou om te hardloop? -- Dit is so.

Ek wil net twee kiekies wys. My Lord, unfortunately at this moment I haven't copies of these two but I will make arrangements. Die eerste een is dit 'n kiekie van u en kolonel Steenkamp? -- Dit is korrek.

Nou dit was nou taamlik vroeg in die namiddag gewees? -- Ja, dit is. 20

En daar is 'n voertuig wat in daardie kiekie daar staan. -- Ek sien dit, die heel eerste voertuig op die foto, is dit waarna u verwys?

Ja, die eerste een.

DEUR DIE HOF: Watter nommer is nou hierdie...

MNR PITMAN: 35 ek verstaan, Edele.

DEUR DIE HOF: RALLY A10/35.

MNR PITMAN: En hierdie kiekie, ek het nou hierop geskryf RALLY A10/36, wys dit dieselfde voertuig in die voorgrond?

-- Dit blyk so te wees. 30

Sal u nou saamstem dat daardie voertuig heeltemal duidelik/..

duidelik is dat daardie voertuig oos van motorhek A staan.

-- Dit wil so voorkom.

Dit is heeltemal duidelik is dit nie? Daar kan nie 'n fout wees nie, dit is duidelik dat dit oos van daardie hek is. -- Ja, as in aanmerking geneem word hierdie pyp.

Ysterpype? -- Tralies of wat ookal, dan wil dit voorkom asof dit so is.

En daar is ander voertuie wat daar ook staan wat nog verder na die oostekant is. -- Dit is korrek. 10

Kan u skat omtrent hoeveel voertuie daar is aan die oostekant, ek dink, kyk hierdie is A1/18 omtrent, voor jy by die polisie waens daar kom. -- Dit is nie baie duidelik hier nie Edele, maar ek tel omtrent sewe of agt.

HOF: Voertuie? -- Dit is korrek, Edele.

MNR PITMAN: Ek praat nou van op en af Winterton Walk, as jy nou afgaan is dit nou in 'n oostelike rigting soos ek u nou verstaan het. Dit is nou voertuie - as jy nou afgaan in Winterton Walk af is daar omtrent - hoeveel het u gesê? -- Omtrent sewe of agt. 20

Sewe of agt. --- Dit is tot by die polisie vangwa daarso.

Tot by die polisie vangwa. -- Dit lyk of daar nog ander voertuie staan.

Nou mag ek nou net reg verstaan, nr. 2 het daar gekom, die skare het in 'n oostelike rigting na hom toe beweeg, 'n bietjie beweeg en toe hy daar gearriveer het, was daar 'n druk in 'n westelike rigting? -- Ek sal nie juis sê 'n druk in 'n westelike rigting nie, dit is meer of die mense gestuit was om effens terug te beweeg, effens 30 in 'n westelike rigting.

Soos u dit gestel het, het die groepie teruggestoot in 'n westelike rigting? -- Dit is so.

Kon u daardie beweging sien, was dit 'n beweging in die westelike rigting? -- Wel ek sal dit meer stel sê dit was meer die mense op die buitekant nader gedruk was, ek sal nie sê die hele groep het beweeg nie.

Maar die enigste beweging wat u waargeneem het na die tyd dat hy gearriveer het, behalwe die rigting later in die noordelike rigting, die beweging later in die noordelike rigting, terugdruk. -- Ek moet dit natuurlik stel 10 Edele dat die mense het nie absoluut stilgestaan op daardie stadium nie, daar was beweging in die groep al die tyd.

Ja, maar ek praat nou van 'n beweging oostelik of westelik. -- Dit is so.

Dit sal verkeerd wees om te sê dat nadat hy gearriveer het die groep in 'n oostelike rigting beweeg het. -- Ja, dit sal verkeerd wees om te sê dat hulle het noemenswaardig beweeg in die oostelike rigting, weg beweeg het. Dit is nie so nie.

Sien ek dink daar is - ek dink dit is al aan u 20 gestel, ek dink dit is duidelik van u getuienis dat u dit gesê het in u hoofgetuienis is nadat hy daar gearriveer het, dat die groep in 'n oostelike rigting beweeg het. Ek dink u het dit erken dat dit 'n fout was. -- Ek kan dit nie onthou nie.

Nou net een ding in verband met nr. 2, ek wil nou net weet sal u sê dat hy heeltemal aan die voorpunt van hierdie skare was toe hulle in 'n noordelike rigting beweeg het? Of is u getuienis dat hy omtrent in die middel van die skare was? -- Soos ek reeds gesê het, Edele, 30 in my hoofgetuienis dat ek fouteer, dit is te sê hy het

in die middel van die skare gebly, hy was aan die voorpunt. By my was die kern van die hele situasie was dit dat die - dat beskuldigde nr. 2 op daardie stadium die leiersfiguur was. Dit is waarop ek myself gekonsentreer het.

Dit verstaan ek, maar ek praat nou net van sy posisie, nie van die leierskap nie, maar net van sy posisie, wat sou u sê sy posisie was toe die groep in 'n noordelike rigting beweeg het? -- Hy is die persoon wat hulle gelei het en hy was op die voorpunt gewees.

Nie in diemiddel van die groep nie? -- Nie op daar- 10 die stadium wat hulle na die hek toe beweeg het nie.

Ek het een verdere kiekie hier kaptein. RALLY A.10/37. Sal u saamstem dat daardie kiekie geneem is toe die Swart sersant die skare toegesprek het? -- Dit is so.

Sal u ook saamstem, kaptein dat op daardie oomblik en soos dit daar verskyn in die kiekie, dat daar sekere swartmense rondom die sersant is wat probeer om die skare te laat stilbly? -- Nie om die sersant nie. Voor hom.

In die omgewing van die sersant? -- Hulle blyk voor die sersant te wees. Daar is mense wat hulle hande in die 20 lug opsteek, Edele.

Wel u was daar gewees, kan u sê het etlike van die persone daar probeer of pogings aangewend om die mense stil te laat bly? -- Edele, nee, my mening is dat - wel dit was ook so dat met die aankondiging het dit al erger gegaan al harder geskree en so aan.

Ja, maar die vraag is nog, het jy gesien dat mense, sekere mense probeer het om die skare te laat stil bly, stil te maak? -- Ek het nie mense gesien wat probeer het om die skare stil te maak nie. Daar mag mense wees wat 30 dit probeer het, maar ek het hulle nie gesien nie.

In elk geval/..

In elk geval, ek handig hierdie een in, Edele.

DEUR DIE HOF: Wat is die hande opstekery dan? Op hierdie BEUYSSTUK RALLY A10/37. -- Edele, dit mag wees dat van die persone probeer het om hulle stil te maak, maar ek kan nie 'n vertolking gee aan die hande opstekery nie. Daar is deurentyd hande opgesteek en geskree en gesing en so aan.

Maar toe die sersant met die mikrofoon met hulle praat, het hulle nie probeer die mense stilmaak sodat hulle kon hoor wat hulle sê nie? -- Soos ek sê, Edele, daar mag mense wees, maar die geskree het weer sal ek sê vererger. 10

Maar van die groep af.. -- Dit is die groep wat daar gestaan en gesing het en slagspreuke geskree het.

Ek sien hande en ek sien 'n vuus agter daar - o ek sien 'n paar vuiste agter, maar op die voorgrond strook dit nie met die afleiding dat hulle probeer eintlik stilmaak sodat gehoor kan word nie? -- Dit mag so wees.

MNR PITMAN: En in daardie kiekie is die mense in die kerngroep, is dit nie? -- Dit blyk die kerngroep te wees net agter daardie mense.

Kaptein in verband met Aanhangsel 7 onthou u 20
Aanhangsel 7 "There is a wave in Azania" u het getuienis gelewer in dié verband? -- Ja.

Ek dink u het erken die kwitansië, hierdie aanhangsel verskyn nie in u kwitansie nie? Dit is so is dit nie? --
Mag ek net my afskrif ..

Ja, ek dink soos u gesê het, u het erken dat dit verskyn nie daar nie, maar u het gesê dat hierdie dokument in een van die lêers was. -- Dit is so, daar was verskeie van die dokumente wat op verskeie van die lêers, daar was ek kan nie presies onthou hoeveel lêers nie, maar daar was 30 'n hele paar lêers wat dokumente in bevat het, verskeie dokumente/..

dokumente bevat het. Ek het beslag gelê op die lêers en in hulle geheel, die lêers word aangetoon op die kwitansies.

DEUR DIE HOF: Sê u dus dat die feit dat hy nie op die kwitansie verskyn nie, is eintlik niksbeduidend omdat u sê die lêer word aangedui? -- Die lêer word aangedui, Edele, en die bewysstukke was bymekaar gehou en gebind met die dokumente in die lêer en daaruit is hulle geneem en die strokies is daarop aangeboek.

MNR PITMAN: Maar u kan nie onthou/watter lêer daardie ⁱⁿ 10 een gevind is nie. -- Nee, Edele, ek kan nie op die oomblik onthou nie.

U kan dan nie seker wees nie, kan u, dat dit daar - dat Aanhangel 7 daar in een van die lêers gevind is nie? -- Edele, ek is oortuig dat die nodige voorsorgmaatreëls was getref om hierdie dokumente soos hulle gevind was, bymekaar te hou.

Maar is dit miskien moontlik dat daar 'n fout is in verband met die plek waar daardie aanhangsel gevind is? U sien, my instruksies is dat daar is net twee afskrifte 20 van daardie dokument was en mag ek dit so stel, ons weet niks van 'n afskrif van daardie dokument in die plek waar u sê dit is gevind nie. -- Edele, ek is seker daarvan dat dié dokument kom uit die bondel dokumente wat by die beskuldigde nr. 1 se huis gevind was op die 26/9. Soos ek sê ek kan nie sê uit watter lêer nie, maar daar was streng beheer uitgeoefen om die dokumente bymekaar te hou en soos hulle uitgehaal is, is hulle gemerk, in watter perseel hulle gevind was.

Omdat u weet dat daar streng beheer was, u kan nie 30 onthou dat daardie dokument daar gevind is nie.-- Edele,

ek /..

ek dink dit is 'n onbegonne taak, ek het op duisende dokumente beslag gelê en dié wat ek in diehof ingehandig het, is 'n baie klein persentasie, en..

DEUR DIE HOF: Wat die advokaat aan u stel is dat die enigste rede waarom u kan sê dat daardie dokument van nr. 1 kom is vanweë u metode wat u gebruik het om te verseker hoe die dokumente hanteer word, maar u onthou nie spesifiek dat daardie dokument van hom kom nie? -- Dit is absoluut so, Edele.

MNR PITMAN: En al het u hierdie metode Kaptein, u sal seker¹⁰ erken dat daar 'n fout kan begaan. -- Ek verstaan nie in watter opsig bedoel u nie?

Wel al is die metode 'n baie goeie metode, daar kan 'n fout wees? 'n Fout is moontlik? -- Edele, dit is 'n moeilike vraag, mense kan foute maak, maar met die ondersoek van hierdie sake wanneer daar dokumente op beslag gelê word, word daar soos ek sê streng beheer uitgeoefen, en ek voel oortuig dat daar kan nie 'n fout wees nie.

Dankie, Edele.

DEUR DIE HOF: Die advokaat wil weet of jou metode onfeil-²⁰ baar is? -- Ek sal sê ja, hy is - die kans dat daar 'n fout kan kom is uitgesluit.

Hoekom sê u die metode is onfeilbaar? -- Edele, wanneer jy dokumente in beslag neem, onmiddellik in my geval, hou ek dit in my beheer. Dit word kronologies volgens die kwitansie word dit gerangskik, dit word so gehou en dit word gebind, en dit word in bewaring gehou al dietyd.

En waarmee word dit gebind? -- Gewoonlik sit ons dit in 'n lêer en ons bind dit vas, Edele en dit word gemerk, en wanneer 'n ondersoekbeamp³⁰te gewoonlik 'n dokument uithaal, dan moet die dokument gemerk word, soos u kan sien hoe/..

hoe hy gemerk word. In hierdie geval is hier 'n strokie papier vasgesit, word hy met 'n "staple" vasgesit en hy is gemerk by watter perseel hy gekry is, deur wie en die datum.

Is dit alleen wanneer hy uitgehaal word dat hy daardie strokie op kry? -- Dan moet ons hom uit die bondel uithaal en vir die ondersoekdoeleindes gebruik, sodat ons weet kyk hierdie dokumente kom uit 'n besondere bondel, wat by 'n sekere perseel geneem is.

Dankie.

10

HERONDERVRAGING DEUR MNR REES: Ek wil eerstens begin met hierdie BEWYSSTUK C.3 wat die verdediging in belanggestel het. Sal u ook kyk na die kwitansie BEWYSSTUK U. --- Ek het dit, Edele.

Nou, kyk na items 53 en 57 op die kwitansie BEWYSSTUK U. -- Ek sien dit.

En beduie net vir die hof na aanleiding daarvan wat is die werklike posisie ten opsigte van hierdie BEWYSSTUK C.3? -- Edele, dit was gister aan my gestel deur mnr. Allaway Item 57 dui aan 'n dokument "What is Black Theatre" two 20 pages". Hy het dit verder aan my gestel dat ek die dokument ingehandig het wat bestaande uit twee getikte velle "What is Black Theatre?" en ook die geskrewe - en ook 'n geskrewe dokument wat ook getitel is "Black Theatre". Nadat die hof verdaag het, het ek my afskrif van die lys wat opgetrek is nagegaan en item 53 toon aan Edele, "One Black Theatre Handwritten Report". Op my lys, Edele, het ek regoor 53 aangebring BEWYSSTUK, dit was voorheen in die vorige saak 'n ander nommer maar dit is nou C.3, daar het ek C3. aangebring, dan loop hy 57C3. Met ander woorde, die 30 geskrewe gedeelte van "What is Black Theatre?" is dié

soos /..

soos aangedui op Item 53.

Kan ek dit net saamvat. Is die effek derhalwe dat u is tevrede dat u het dié dokument G.3 dit wil sê die twee bladsye getik asook die vyf bladsye handgeskrewe by die huis van beskuldigde 1 gekry? -- Dit is korrek.

Na aanleiding van die gebeure by Curries Fountain, sal ek graag dat u vir die hof dit duidelik maak twee aspekte. Een, was beskuldigde nr. 2 se vryheid van beweging op enige stadium aan bande gelê. Dit wil sê was hy verhinder om te gaan waar hy wou gaan indien hy iewers wou gaan? --- 10 Nie wat ek waargeneem het nie Edele.

Was die toestande so dat enige persoon wat daar wou padgee, kon padgee of was die mense verhinder om pad te gee indien hulle wou? -- Volgens my waarneming Edele, kon enige persoon padgee, kom en gaan soos hy wou.

In verband met die beweging waarin beskuldigde nr. 2 betrokke was in die rigting van die hek A, ek wil weet, was dit 'n toevallige beweging of was dit 'n doelgerigte beweging? -- Edele, volgens my waarneming was dit 'n doelgerigte beweging.

20

Dankie, Edele.

DEUR DIE HOF: Dankie Kaptein.

GEEN VERDERE VRAE

MNR REES: Ek het verneem die hof wou nou verdaag.

DEUR DIE HOF: Wel as dit die partye pas.

HOF VERDAAG

COURT RESUMES:JOHANNES HENDRIK JACOBUS DE WET, NOG ONDER EED:

MNR. REES SPREEK HOF TOE: Edele, die posisie was dat die getuie het afgestaan, die Verdediging het 'n geleentheid gehad om na die betrokke bande te luister. Hulle het toe vir hom hulle volume gegee gekorrigeer soos hulle sê dit behoort te wees. Ons het die transkripsies nagegaan en die voorneme is dan dat die getuie sal aandui al die punte waar ons met die Verdediging saamstem. Ek wil ook gebruik maak van die geleentheid, daar is twee addisionele stukkie getuienis wat ek gevoel het wat ter sake is, en wat ek derhalwe ook nou sal inhandig. Ek dink ek sal dit eerste doen, dit sal wees - as dit dan net ingevoeg kan word op die relevante plek in hierdie BEWYSSTUK RALLY C, en die eerste stukkie is die gesprek, dit sal inpas op bladsy 16 en sal genommer wees 16(a) - dit sal wees in die bewysstuk RALLY C en wel bladsy 16(a). Ek glo nie dit is nodig om nou hierdie terug te speel nie, die Verdediging het 'n geleentheid gehad om hierna te luister, as u dit net sal lees wat hierdie gesprek is. Ek handig twee afskrifte vir die Verdediging, nou ek het hier ingeskryf, dit is Band 2 en dit is 'n gedeelte van BEWYSSTUK 25, gesprek No.15. Miskien sal dit beter wees, kry dit op die band, en dan kan dit teruggespeel word. (BANDOPNAMES WORD TERUGGESPEEL)

Dit is dan bladsy 16(a) van BEWYSSTUK RALLY C. Die volgende een is uit gesprek No.2 op Band 7, dit is BEWYSSTUK 23 ... (Hof kom tussenbei)

HOF: Voor u verder gaan, moet u nie miskien eers verduidelik wie "China" is en wie Mabandla is nie, en in welke opsig hierdie mense betrokke is.

MNR. REES: Ja, Edele, die China, u sal onthou die getuie Singh het getuig dat China sou by gewees het, No.4 sou hom

gestuur / ...

gestuur het om te gaan kyk by Curries Fountain, of gaan dophou en dan sou hy terug rapporteer - telefonies terug rapporteer, en Sing. het getuig dat China dit gedoen het.

MR. SCGGOT: M'lord, as far as this evidence is concerned, we do not propose to raise any argument now as to its admissibility, and we would let it go in subject to our right to raise that question.

COURT: Well, I must have misunderstood Mr. Rees, I thought this was a conversation which you people wanted?

MNR. REES: Nee, ek is jammer, dit is nog wat vir my geblyk 10
het ter sake te wees, Edele, jammer as daar 'n misverstand was. Die volgende een sal heel agter in die boek inkom, bladsy 96 tot 99, ek handig die Hof se afskrif in, een vir elk van my geleerde vriende, en ek het weer daar aangedui Band 7, BEWYSSTUK 23, gesprek No.2, dit is 'n gesprek tussen Muntu Myeza en Aubrey Mokoape op 25.9.74 (BANDOPNAME TERUGGESPEEL) Dankie, dit is dan die einde van die bladsy 96 tot en met 99, is dit reg? --- Dit is reg.

Edele, as u dit goedvind, as u die volume beskikbaar maak kan ek dit laat invoeg in die volume vir u gerief. Het 20 u besonderhede gekry van die Verdediging van wat hulle beweer sekere aanvullings of wysigings in die dokument RALLY C gedoen moet word? --- Dit is reg.

Sal u dan aan die Hof aandui al die wysiginge waarmee u met die Verdediging se siening saamstem. Begin voor asseblief? --- Ons begin by bladsy 3, dit is lyn 9 van onder dit is 'n woord wat sleg uitgekom het met die afrol "public peace" aan die regterkant.

Ek dink dit sal makliker wees as u presies net sê wat dit moet wees, lees dit? --- "Whereas I, James Thomas Kruger 30
Minister of Justice, deem it necessary for the preservation of
the / ...

the public peace" - "peace" moet ingevoeg word. Dan net vir duidelikheidshalwe, die volgende gedeeltes onder toe, ek lees net die laaste twee, drie woorde van die sinne "(3)(b) of - not clear, background noise - the attendance of - all that the - or promoted by or on - and organisation or". Bladsy 5, lyn 16 van bo, die sin lees "how I can give that - "that" moet weggelaat word, en dit word vervang deur "back to you".

HOF: "How can I get back to you"?

MNR. REES: Dit is reg, "G. how can I get back to you. You can phone me". --- Lyn 37 onder telefoon "the number is 7240346 10 Extension 49 moet hy lees, hy was "40". Dan gaan ons na bladsy 7, lyn 18, die woordjie, die sin begin met "you must come very urgent the movement is to go" - "to" moet weggelaat word, dit is in die middel van die bladsy.

HOF: "the movement is go" --- "is go, is going to die otherwise", bladsy 7 lyn 22 "today we either make the movement or we break the movement" - "movement" is nie duidelik gewees nie. Bladsy 8, lyn 8 van bo, by die stippellyntjie moet ingevoeg word: "you, you know that this ~~missi~~ological institute is really busy with the faculty", die "he" die 20 eerste woord in die sin moet weggelaat word.

HOF: "Mythiological"? --- Missiological - dit verwys seker na "missionary". Dan gaan ons na bladsy 9, lyn 6 van onder, die sin is nou "I can't come it is impossible now today, I am just down completely" - tussen "just" en "down" voeg in die woord "held".

MNR. REES: So dit sal wees: "today I am just held down completely, I am working the whole day". --- Lyn 2 van onder, die sin wat begin met "what is happening" voor dit moet ingevoeg word "in any case", en die heel laaste sin: "Hey, we 30 we - iets - either make or break now" - die "iets" word betwis

deur / ...

deur die Verdediging as "we" - ek betwis die stelling. Bladsy 11, lyn 24, die sin begin, dit is in die middel van die bladsy "or that we heard rumours" dan is daar stippellyne, daar moet ingevoeg word "we can even go ahead and say".

Bladsy 12, in die middel van die bladsy: "quite an intelligent brainwave you know, which was going to fox these guys and I think we can still use it", die Verdediging meld van n woord "just" wat na "which was" moet ingevoeg word, maar na

luistering weer moet die sin lees: "quite an intelligent brainwave you know, which was gonna fox these guys" -- dit 10 is nie "going to" nie, en dan aan die onderkant van die bladsy die sin begin: "but the thing is we don't want it to appear as if" - daar moet bygevoeg word "we are" - "as if we are".

Bladsy 15, lyn 19: "M. So see, we'll do this nè" die "we'll" word geskrap en word vervang deur "ja" - "so see, ja, do this nè". Vier lyne ondertoe, die sin is "try to deliver and contact us" "deliver" word uitgelaat, en word vervang deur "telephone". Die tweede laaste lyn: "you know by this", die "by" word vervang deur "about" - "you know about this".

Bladsy 16, sesde lyn van bo: "Ja, you just carry on and 20 mobilise the people there" die "you" word uitgelaat, en dit word vervang deur "just".

So lees net die sin nou? --- "Ja, just carry on and mobilise all the people there". Bladsy 18, lyn 11 en 12, die gesprek word in Zoeloe gevoer en die vertalings hier is "I am here, how are you", die volgende sin "I am here, ja, just wait a little bit" - nou die woord wat daar gebruik word in Zoeloe is "inekona" wat volgens my inligting beteken "I am here" of "I am fine", dit kan beide beteken - die Verdediging betwis dit en sê dit moet wees "fine" Edele. 30

HOF: Wel, dit is dieselfde. --- Dan aan die onderkant van die bladsy / ...

bladsy die laaste twee lyne is dieselfde.

HOF: "I am here, I am fine". ---- Ja, die laaste twee lyne is presies dieselfde, dit moet ook dan lees "I am here, how are you" "I am here" of "I am fine". Dan bladsy 19, lyn 8:

M sê: "Ja, I wonder if you know that we are having a rally". Hierdie word betwis in die sin dat dit nou moet lees: "Ja, I wonder if you know that there is a rally here".

MNR. REES: Wat sê u? ---- Ek sal saamstem daarmee, alhoewel volgens die tolk het dit dieselfde betekenis.

HOF: Wat is die Zoeloe daarvoor? ---- Ek het ongelukkig nie 10 die woorde beskikbaar nie, Edele. Bladsy 19, lyn 22 en 24, beide sinne tussen "people" en "here" moet die woord "from" ingevoeg word, dan sal hy lees: "I want you to contact the people from here", die ander een ook: "I want you to contact the people from here". Bladsy 19 lyn 5 van onder: "Have you contacted them or have they contacted you" - "you" moet bygevoeg word. Bladsy 19, tweede laaste lyn: "Yes, but I couldn't really help much because what" - die woord moet lees "what", dit is sleg gedruk. Bladsy 21 lyn 5: "Ja, but it is not the first time for them to hear about our organisation" 20 - die betekenis blykbaar van die Zoeloe is daar ook die Verdediging stel die terme voor "our name" vir die terme "about our organisation", maar ek betwis die feit dat volgens die tolk het dit die betekenis dat dit ook kan gebruik word in die terme van "our organisation". Die tolk sal betwis dat dit spesifiek net verwys na "our name" en nie ook beteken "about our organisation" nie. Bladsy 22, lyn 12: "We were interrupted by these Dutchmen used in an insulting manner" die Verdediging maak beswaar teen die terme "used in an insulting manner" en hulle vra dat dit uitgelaat word uit die 30 rekord uit. Die terme wat daar gebruik word is "bunyane" en

volgens / ...

volgens my inligting is dit 'n verkleinerende vorm van aanspraak teenoor persone wat hulle sou gebruik het, die terme wat blykbaar sou moes gebruik gewees het is "amabuna" en nie "bunyane" die terme wat wel gebruik word nie. Ek betwis ook hulle stelling dat dit uitgelaat word uit die rekord uit.

HOF: Is dit belangrik vir u om dit so in te laat?

MNR. REES: Edele, ek glo - nothing turns on it - behalwe die akkuraatheid daarvan ..(Hof kom tussenbei)

HOF: "Amabuna" word baie gebruik.

10

MNR. REES: Ja, maar ama bunyane, Edele, ek het al Natal sake gehad waar die een die ander een doodmaak omdat hy vir hom sê "Umfaan amyane", as jy hom aanspreek met die verkleinwoord - wanneer jy 'n grootman so aanspreek dan wil hulle baklei, Edele, dit is 'n beledigende term, soos ons dit vertolk.

HOF: Ons hoef nie tyd daarop te mors nie. --- 'n Soortgelyke vorm op bladsy 23, Edele, lyn 13: "Ja, man get off - used insultingly" - dit is my persoonlike opinie dat dit wel in daardie vorm van aanspraak is.

MNR. REES: Ons sal nie daaroor baklei nie.

20

MNR. BITMAN: It may be of assistance to the Court, M'lord, may I say that throughout our attitude was simply that comments should be omitted from the transcript, comments are evidence, someone else's view, and it is not a question of "used insultingly" but throughout we have asked for comments to be deleted, so that is the ratio of our view. --- Dan op bladsy 25, die tweede laaste lyn: "And BPC said today you better change that to would" - die woord moet bygevoeg word, bladsy 31, lyn 15: "Mr. Myeza, look, I wonder if you could help me" "me" moet bygevoeg word na "help". Bladsy 36, lyn 8 van onder af waar "laughs" in hakies is, moet dit weggelaat word.

30

Mr. / ...

MNR. REES: Net 'n oomblik, sê u die man lag daar? --- Dit is meer soos hulle sê 'n "chuckle" Edele, dit is nie 'n duidelike lag nie. Ek laat dit weg. Aan die einde van dieselfde sin die laaste woord moet wees "I can't tell you where". Bladsy 37 lyn 3, ek sien die Verdediging het hier betwis die laaste letter in die sin "from where is he at" en toe het hulle "at" weer bo ingeskrywe.

Waar is dit nou? --- Dit is lyn 8 van bo.

"From where is he at"? --- Hy moet "at" bly daar. Aan die voetkant van die bladsy, tweede laaste sin: "From Muntu 10 you know accord to come" "come moet verander word na "call" "through from time", die laaste woord moet wees "time".

Lees net daardie sinnetjie, dit moet nou lees? ---- "You can expect further instructions from Muntu, you know, a call through from time to time" (AEROPLANE OVERHEAD - VERY NOISY-)

HOF: "A call through" ---- Ja, dit is blykbaar 'n afkorting, hy het die woord halfpad afgesny.

MNR. REES: Laat die vliegtuig eers verbygaan dan praat u weer?

HOF: "A call to come through from time to time"? --- Edele, 20 ek weet nie ons hoor "accord" en die Verdediging stem saam met die woord soos hy gebruik is. Dit is moontlik 'n afkorting van "according" en hulle het nie die woord voltooi nie.

Bladsy 40, lyn 11 van onder: "Nat, things are turning out to be very anti loll nè" - nou die woord "anti loll" word deur die Verdediging aangegee as "anti now", ek kan hom nie so hoor nie, ek het geluister, ek hoor "anti loll", en die woord het nie 'n betekenis nie.

MNR. REES: Edele, dit is miskien een van hierdie "slang" terme wat hierdie mense gebruik.

HOF: Miskien moet ons vir mnr. Pitman vra. (GELAG) "Anti now".

MR. PITMAN: That is all we know, M'lord, we don't know that other word.

COURT: Well what does "anti now" mean?

MR. PITMAN: Well "things are turning very anti, now".

COURT: Oh I see. --- Bladsy 40, lyn 5 van onder: "I, I wonder if I could read out the story from the" - "the" moet ingevoeg word, dit is net sleg afgedruk, maar die laaste woordjie is "the". Bladsy 41 ... (Hof kom tussenbei)

HOF: Hierdie "from the Star", ek dink ek het dit miskien gehoor op die "tape" want ek het self "star" ingeskryf. 10
--- Die Verdediging het ook 'n slaggie "star" geskryf en weer doodgetrek.

MNR. REES: Edele, die punt is ons kan dit nie hoor nie.
--- Hy is baie onduidelik, en ek sal my nie bind op die woord "star" nie.

Dit maak nie saak nie. --- Bladsy 41, lyn 11 van onder, die sin beginne. "Ja, I have nothing against Mozambique or the Mozambique government, I am dealing with the situation in my own country and I am acting in terms of my responsibility to" - die woord "to" moet ingevoeg word daar, "to maintain 20 law and order". Bladsy 42, hier is ook sleg afgedrukke hier van die bladsy, ek sal net van bo af beginne aan die regterkant waar dit onduidelik is "in Durban is going ahead" is die eerste een. Dan 'n paragraaf onder toe: "at or" die volgende woord is "and", dan "taken" "meeting" "that" "evoked" "the", en dan die volgende paragraaf "by" "smuggle" en die heel laaste paragraaf "would" "Mozambique" "visas" en "advance". Bladsy 43, lyn 4, die woordjie "a" waar M praat moet uitgelaat word. Bladsy 43, lyn 10, hier word weer beswaar gemaak teen die terme "laughter" in die derde 30 paragraaf daar, daar word gelag, of "chuckle", as hulle liever die / ...

die terme "chuckle" wil hê, dit is nog 'n aanduiding van 'n kort laggie. Bladsy 45, lyn 19: "and then sub-heading just below that says Frelimo men are in South Africa and a ~~planes~~" "and a' planes" moet vervang word deur "and claim".

(MR. SOGGOT OR MR. PITMAN - AWAY FROM MICROPHONE)

COURT: There should be a question mark too I suppose? --- Nee, ek sal dit aanvaar so. Net 'n sinnetjie onder hom: "Ja, it means their plane is reported to be in South Africa" - "their claim", dit moet weer "claim" wees. Bladsy 46, lyn 11, waar die stippellyn voorkom, daar moet ingevoeg word "what place 10 is it". Bladsy 48, lyn 19, die sin begin: "Ja, ja, these fools they cannot tell us what to do, man" - "man" word betwis, die Verdediging vra dat dit weggelaat word - die terme "man" word gebruik, ek betwis die stelling van die Verdediging daar. Twee lyne verder: "They've gone too far", die Verdediging stel hom as "They go too far", ek hou by die eerste stelling soos hy is "they've gone too far" as reg. Bladsy 49 lyn 15, in die middel van die bladsy: "People are long looking forward to that time" - "long" moet geskrap word en word vervang deur "just" - "people are just looking 20 forward to that time". Bladsy 51, die tweede lyn: "Ja, so we've just taking that came back" - dit is 'n tikfout, Edele, dit moet wees "come back". Bladsy 52, lyn 2: "Until we have decided to give them over - and then says in Sotho 'you see'. Die Sotho terme sê hulle is Zoeloe. My tolk maak beswaar, hy sê die een is "u ya bona" en "wa bona" en jy hoor feitlik net die "bona" stukkie van die woord en dit kan een of die ander wees.

HOF: Wel, dit is Zoeloe of Sotho? --- Ja, Edele. Bladsy 53, lyn 7, "nef", die Verdediging sê die terme is "neh", jy kan 30 altwee woorde in daardie woord inlees, Edele, dit kan wees

"nef" / ...

"nef" of "neh". Bladsy 55 en die indeks van Band 4, gesprek No.8, is "nef 65 Gaberones met Lekota" - "Gaberones" moet vervang word met "Sovenga". Bladsy 56, lyn 7, "Ja, man", en net na dit moet ingevoeg word "Jesus". Bladsy 56, lyn 10, "how's everything otherwise" - "how's working otherwise" "everything word vervang deur "working". En net in die volgende sin word "meeting" ook met "working" vervang. Op dieselfde bladsy, lyn 8 en 9 van onder af: "and where is this other snag with Professor Mohalé" - ek kan nie mooi verstaan nie, hulle het hierso "Mokoena" of iets van die aard geskryf 10 dit is duidelik dit is Professor Mohalé, die spelling in die rekord is foneties. Bladsy 58, lyn 7 en 9: "And we told Muntu to send us a report, apparently I don't know whether he has already as yet established the report", beide "reports" moet lees "reporter". Bladsy 58, lyn 8 van onder af: "Ja, just fly because Muntu was saying Norman should come, but I realise Norman doesn't have this, the one, the propelling spirit" - "the one", die woord wat gebruik word daarso is "Ba bona" "the propelling spirit" - "see the propelling spirit".

HOF: Wat julle vertolk het as "the one"? --- As "the one" 20 moet in werklikheid wees "you see". Bladsy 59, lyn 6: "Look you can find out from these others, yesterday they suggested that they would take the expenses of the journey", die woord "others" moet vervang word deur "SRC fellows". Dieselfde bladsy 'n bietjie verder af in die middel van die bladsy, waar die "and" en stippellyne is, die "and" word uitgelaat, en die volgende word ingevoeg "if ever there is some some some money", die woordjie "some" word driekeer herhaal, en die eerste sin, die laaste woord moet lees "and" in dieselfde sin, hy is ook sleg gedruk. Bladsy 59, lyn 17, dit is net die volgende 30 lyn, dit moet lees "yesterday", en dan lyn 4 van onder op dieselfde / ...

dieselfde bladsy: "Can - is there no SRC members that you can find out from", die woord moet wees "from". Lyn 2 van onder, "no here's" moet wees "he is not", en die laaste woord in die sin is "right". Bladsy 60, sewende lyn van onder: "this thing, the rally" "the" moet vervang word deur die terme wat hulle gebruik "ye", wat blykbaar beteken "of". Bladsy 60 vierde lyn van onder, laaste woord moet wees "here". Bladsy 64, lyn 17: "so ... just forget even about Norman then, we shall join our forces with Jimmy and the rest" - "join" word deur die Verdediging aangegee, die woord wat daar gebruik word 10 as "utilise".

MNR. REES: Watter bladsy is dit? --- Bladsy 64, in die middel van die bladsy.

Ja, goed? --- Bladsy 64, lyn 9 van onder af: "but send a reporter down most preferably Nat" - "most preferably" moet geskrap word en word vervang deur "more specially Nat". Bladsy 65, dit is die indeks van Band 5, gesprek No.9, Muntu Myeza Bantu Male, Press Press conference". In die oorspronklike vertaling of weergawe wat ek gegee het was daar die Muntu Myeza was bevraagteken, en deurdad die gesprek nie oorgeskrywe 20 was nie, was daar nie verder op ingegaan nie, maar dit is eintlik Saths Cooper, beskuldigde No.1 wat die gesprek deelneem en dan afsluit as Muntu Myeza, maar hy was bevraagteken in die oorspronklike transkripsie.

HOF: So Muntu Myeza moet uit hierso? --- Nee, hy eindig af en sê hy verwys na Muntu Myeza as die persoon om te raadpleeg, maar die gesprek word deur Saths Cooper waargeneem.

Nou waar dit hier sê "Muntu Myeza Bantu male, Press Press conference" moet lees "Saths Cooper"? --- Eintlik Saths Cooper, maar hy sluit af met die woord, dit is Muntu Myeza 30 wat praat maar dit is eintlik Saths Cooper wat praat.

Dan / ...

Dan moet ek net Saths Cooper bevraagteken? --- Muntu Myeza eintlik bevraagteken, Edele.

MNR. REES: Kyk, is die posisie, dit is inderdaad Saths Cooper wie se stem daar is? --- Ja.

En na hy klaar gepraat het sê hy dit is Muntu Myeza wat praat? --- Dit is reg.

HOF: Nou wie sê dit is Saths Cooper se stem? --- Ek, Edele.

MNR. REES: Gaan maar aan? --- Bladsy 67, lyn 15, die sin lees: "It is a pity you can't see the statement over the Press", die "can't see" word deur die Verdediging betwis, 10
ek weet nie wat hulle in die plek daarvan wil hê nie, maar ek staan by die transkripsie soos hy is. Dan bladsy 67, lyn 18, stippellyne "statement" moet ingevoeg word "The Cape Times has a statement", dan op bladsy 67 lyn 7 van onder af: "in allocation" moet vervang word deur "our location". Lyn 5 van onder af, daar word in lyn 5 asook aan die onderkant van die bladsy beswaar gemaak teen die terme "in Sotho", die bewering is Khosa - dit is "wa bona" of "wa xona" blykbaar dieselfde betekenis. Bladsy 68, lyn 25 van bo af, die sin begin: "Ja, in the papers it reads", dit moet wees "in the 20
Cape Times".

HOF: Watter lyn is dit? --- Dit is lyn 9 van onder, Edele. In Bietjie verder af "in Sotho" word weer betwis as Khosa.

Wat is die terme? --- Ek weet nie, Edele, ek is nie die tale magtig nie. Bladsy 70, lyn 10: "So otherwise generally the papers are even playing it very well so far" voeg in "it". Bladsy 70, aan die onderkant van die bladsy, dit is by lyn 8, weer in Sotho is Khosa, en die heel laaste woordjie in die gesprek op bladsy 70 "mmm" word geskrap en "ja, ja, very true, very true" word bygevoeg. Bladsy 71, 30
vierde lyn van bo af, Sotho word weer betwis, hulle sê dit

is / ...

is Xhosa. 'n Bietjie verder af: "Don't stop, ja, man, I'll inform you of the latest developments, this of these Frelino nè" - "this of these", die stelling is dat dit moet wees "vis-à-vis", ek sal daarmee saamstem, dit is meer betekenisvol as die woorde wat daar is. Bladsy 73, lyn 14, die juiste woorde hier: "speaking Sotho - man, I am here, where are you" word betwis, die Verdediging sê "Okay, now where are you", die woorde wat daar gebruik word is "Muna kiteng, ukaay wêna", dit is die sin wat die vertolking aan gegee word. Die tolk sê dit beteken: "I am here" or "I am fine, how or where are 10 you", beide betekenisse.

Wat wil die Verdediging hê? ---- "Okay, now where are you".

Wel "okay" is maar dieselfde as "fine", ja? ---- Bladsy 74, lyn 20, omtrent in die middel van die bladsy: "Ja, I think this will solve us running around and trying to explain something that is not there because I believe this is just a sheer a yet again" - "a yet" moet uitkom en vervang word deur "dirty" - "a sheer dirty game of politics". Bladsy 75, lyn 10, die eerste stuk is vreeslik verander, "Uh, the rally banning 20 issue", hy is verander om weer terug te lees "the rally banning issue".

MNR. REES: Hulle het hom betwis, en toe betwis hulle hom weer nie. ---- So hy bly soos hy is. Dan net in die volgende paragraaf, aan die onderkant van die paragraaf waar hy lees: "it seemed authentic but the one thing too was you know by ..stippellyne .. expressing to issue a gazette" die stippellyne daar en "expressing" word geskrap en dit word vervang "the way they have threatened to issue a Gazette Extraordinary". Dieselfde bladsy, lyn 26: "So that, uh, you know seemingly, 30 you know, the reading they uh uh giving", dit moet lees "the reading / ...

reading they are giving". Dan lyn 23 op bladsy 77, in die middel van die bladsy: "Oh there silent" en dan is daar 'n stippellyn, "silent" word vervang deur "silence" en dan "presub suggests".

HOF: Wat is "presub"?

MNR. REES: Edele, ek skat hy het van mening verander, hy wou seker sê "presupposes".

HOF: O, ek sien, dit moet "presup" seker wees. --- Bladsy 79 die agste lyn van bo af: "How then all these fellows not there then where are they", hy moet lees, "then" word geskrap, dit 10 word dan "how can all these fellows not be there" - "be" word ingevoeg voor "there". Dan lyn 12 van onder op dieselfde bladsy: "But you uh under uh did you know that uh the the " en dan na die laaste "the" moet ingevoeg word "they said that this thing will be in a special Government Gazette". Bladsy 80, lyn 8 van bo, in die middel van die dié paragraaf: "Anticipated this and everything was arranged in such a way that well" - "well" word vervang deur "when". Bladsy 80, lyn 16, "the people are just going to look" - "look" is hier doodgetrek, hy is met geen ander woord vervang nie, Edele, 20 die regte terme is "look". Ek staan by die transkripsie. Bladsy 82, aan die onderkant van die bladsy die laaste kwart omtrent: "I'm all right, ja, ja man" - nou die "ja" net voor dit moet doodgetrek word en - ekskuus tog die "ja man" moet vervang word deur "shall". Dan in dieselfde sin daar: "we are from ..stippellyn .. rally", die Verdediging beweer hier dat daar gesê word "a small inyana rally", ek kan die woorde nie hoor nie, Edele.

HOF: Hoe sal die sin dan lees: "and what we have you, we - pouse --- "we are from" en dan stippellyne "a rally" - "a 30 small inyana rally". Dit is hoe die Verdediging hom gestel het.

Mnr. / ...

MNR. REES: Wat sê u? --- Ek kan die woorde nie hoor nie, Edele. Daar is gepraat daar.

HOF: "Inyana" - klein? --- Ja, maar ek kan die woorde nie hoor nie so ek weet nie wat gesê word daar nie. Dit is 'n voorstel hierdie deur die Verdediging, hulle het natuurlik die voorkeur want die beskuldigdes lees die sinne self terug, Edele.

"Inyana" is "small" dan moet "small" nie in nie.

--- Dit kan wees dat hulle verwys na 'n klein rally.

As u die woord "inyana" - "inyane"? --- Hulle het hom 10 gespel "anyane".

MNR. REES: Maar gee u dit toe of nie? --- Ek kan dit seker toegee, Edele, alhoewel ek kan die woorde nie hoor nie. Maar in die verband wat hy gebruik word sal daar nie veel verskil wees nie. Bladsy 82, die laaste twee lyne: "And I am not going to say anything, not to" - "not to" word geskrap, en word vervang deur "lest we" - "and I am not going to say anything lest we run a risk of" en dan word daar 'n woord ingevoeg "bwana" ...(Hof kom tussenbei)

HOF: Wag 'n bietjie, die "not to run a risk" moet uitkom, 20 "lest we run a risk"? --- Die "not to" word vervang deur "lest we", dan sal die sin lees: "and I am not going to say anything lest we run a risk of" en dan word daar ingevoeg "bwana", en dan "we are not" word geskrap, en dit word eintlik vervang deur "bwana".

Nou wat beteken dit? --- Bwana, ek weet nie of dit hier na die owerhede verwys nie, Edele.

MNR. REES: Lees net daardie stukkie nou in sy konteks soos dit moet lees? --- "And I am not going to say anything lest we run a risk of Bwana saying we organised it". Bladsy 83, lyn 30 2 van bo: "You see now that we are going to / ^{its} it's been done

on / ...

on student level". Die Verdediging betwis die tweede "it's" en sê dit moet lees "it has". Ek sal met hulle saamstem daar, Edele. Hy moet dan lees "its - it has been done on student level". Dan net twee lyne verder af by die stippellyne, moet ingevoeg word "and it was a success". Dan lyn 9 van onder af op dieselfde bladsy van onder af, die sin lees: "they were just around outside the campus to look at us, thereafter whether we shall continue another meeting or not" - continue moet vervang word deur "convene". Bladsy 34 lyn 2 van bo af, "how far has yours" - "has yours" moet vervang word deur 10 "have you" - "how far have you gone down there". Dieselfde bladsy lyn 16: "and uh thereafter uh this woman" - dit moet lees "and uh thereafter Ncebd - the woman"- "she addressed also the meeting". In Bietjie verder af, lyn 15: "and there follows the whole story of casualties and what-have-you" - "follows" moet lees "followed" - "and there followed the whole story of casualties and what-have-you". Verder af op dieselfde bladsy die vyfde lyn van onder af: "who sort of more or less tried to to betray us and the matter is under discussion" moet bygevoeg word. Bladsy 35, lyn 3 en 4 van onder af: "how man, 20 they have been kicked they have been people bitten hurting them and all that". Die Verdediging se stelling hier is dat hulle sê: "how man, they have been kicking people, teargassing people, baton-charging them and all that". Na deeglike luistering hier, Edele, verskil ek weer in 'n mate en wil ek die rekord wysig om te lees: "how man, they have been teargassing people, baton-charging them and all that". Bladsy 36, lyn 1, skrap die eerste twee woorde "still they're" en dit word vervang "things are", die sin sal dan lees "things are all right we are just waiting for half past five". Lyn 16 op dieselfde bladsy, 30 die Verdediging maak 'n stelling hier: "ja, and by the way", die

Verdediging beweer "ja, and there's another thing", die "by the way" is reg vertolk deur my soos hy is, ek betwis daardie punt van hulle daar. Bladsy 37 lyn 15 van onder af, maak beswaar teen die terme "laughs" in die middel van die bladsy, en vra dat hy geskrap word, dit is "laughs" of hulle kan dit vervang deur "chuckles". Bladsy 37 lyn 10 van onder, die sin lees in Zoeloe: "Hi brother these things are violent, "these things are violent" word in Engels gesê, en moet net in Engels bygevoeg word tussen "brother" en "these" - in English. Bladsy 37, lyn 6 van onder, "in Zulu, indistinct" 10 die Verdediging maak die stelling en sê dit is: "You know I arrived late", my tolk kan nie die sin hoor nie, Edele, ons kan miskien dalk saamstem, ek glo nie dit is belangrik nie.

MNR. REES: Ja, Edele, ons sal daardie stukkie maar laat deurgaan. --- Bladsy 38, in die middel van die bladsy, lyn 16 van onder af, die sin lees: "I don't know really the one who has been taken to hospital is one in fact and it appears like that", nou van "and it appears like that" moet geskrap word en na "in fact" moet ingevoeg word "Peter Tse or something".

HOF: "Or something"? --- "Or something", Edele. En dan 20 net in die volgende lyne: "was it bullet shots" dan sê hulle "no, bitten" - die Verdediging beweer dat die woorde almal - daardie sinne ondertoe in die bladsy moet lees: "baton". Edele, dit is moeilik om te besluit watter die regte woord is, maar in die sin van die voorafgaande sin bo, van die persoon wat na bewering gebyt is, sou ek sê dit behoort "bitten" te wees en nie "baton" nie.

MNR. REES: Edele, u sal onthou die getuienis was dat die man wat gebyt was was inderdaad Peter Tse, Edele. Gaan maar aan? --- Dan onderaan die bladsy "and then the students said if 30 you don't release those guys well then they are not going to

leave / ...

leave this place", nou tussen "this" en "place" word daar iets gesê, die Verdediging sê "to take place" - "they are not going to leave this to take place", ek kan nie uitmaak in die vertaling wat daar gesê word nie, Edele. Daar word iets gesê maar ek kan nie dit vertolk as "to take place" nie. Bladsy 89, lyn 19 van onder af: "In Zulu - way do you assault the police" - dit is 'n tikfout dit moet lees "why do you assault the police", en dan "here - ja, man these people, man can't you simply just give us some bombs there", voorafgaande was daar iets gesê en my vertaling is soos volg: "Hey Swarie 10 man, these people just oppress us, ke man", en dan gaan hy aan en sê hy: "ja, man, these people ...(Hof kom tussenbei)
HOF: Net so 'n bietjie, "hey swarie" --- "man these people just oppress us ke man". Dan net in die volgende sin "laughs - we'll send you some grenades another" - "another" moet geskrap word en vervang word deur "brother".

Waar is dit? --- Dit is net in die lyn net onderkant, Edele - "we'll send you some grenades brother". Dan gaan hy aan: "the line becomes crossed and an Afrikaans lady in the background says "hello, hoe gaan dit met jou" - die laaste 20 woordjie moet wees "jou" - dit is onduidelik blykbaar in die transkripsie, Edele. "Muntu shouts at her" word deur die Verdediging versoek dat dit geskrap word. Ek staan daarby, dit is Muntu wat dit geskree het, en dan die onderste deel: "Muntu shouted at her 'shut up, shut up' and says to Jimmy: hey let's leave this love talk, man, swarie, I'll see you". Dit is "love talk my friend" - "my friend" moet doodgetrek word en dit word vervang deur "man, swarie". En net die volgende lyn: "Ja, sure", "sure" word vervang deur "swarie".

Die heel laaste sin : "Hi suga? - and shouts 30 shut up, shut up to two Afrikaans speaking persons on the line".

Die / ...

Die Verdediging verander hom om te sê: "Hi suga - and Jimmy shouts 'shut up shut up' to two Afrikaans speaking persons on the line". Ek stem nie saam nie, Edele.

MNR. REES: Staan u by wat daar geskryf is? --- Ja. Bladsy 92, waar die stippellyne voorkom, Edele, net na "sweet as sweet" dan is daar stippellyne, die Verdediging luister woorde daar in as volg: "ek sê, Jack, wat gee op by die tone" - "tone" vermoedelik verwys na "town", die sin word tweekeer herhaal. Ek het weer geluister, ek kan die woorde nie volg en ek kan hulle nie hoor nie, Edele. Dan 'n bietjie verder af ..(mnr. 10 Rees kom tussenbei)

Edele, daar is geen beswaar dat daardie woorde ingevoeg word as die Verdediging dit verlang nie, dit lyk my dit sal pas. --- "Moenie sê daar is baie mense Jack", die Verdediging wil invoeg "ek sê moenie sê daar is baie mense Jack", die "ek sê" kom nie daar voor nie, Edele, hy is net soos hy geskrewe is "Moenie sê daar is baie mense Jack". Verder af op die bladsy: "ek sê ons moet net aangaan dis boggerall" en dan sê die Verdediging daar moet ingevoeg word "ons kan maak", die sin eindig by "wat" en dan word hy doodgepraat deur die volgende 20 persoon "dis al, dis al man".

So, wat daar staan, wat u gehoor het eindig met "wat"? --- Ja. Bladsy 93, lyn 13 van bo, waar ek het "sak nou gaan aan", "sak nou" moet geskrap word en word vervang deur "A nè ons gaan aan". Dan in die middel van die bladsy, Edele, "wel ek sê ons moet aangaan", dit is net na die woordjie "ja". Hier het die Verdediging in vier plekke groot geskrywe "Unintelligible, unintelligible, unintelligible, unintelligible". Die band is baie duidelik, Edele, die gesprek gaan as volg: "Wel, ek sê ons moet aangaan." Dan sê die ander persoon. 30

Net so 'n oomblikkie, laat ons daardie stukkie vir die

Hof speel dan kan die Hof hoor of dit "unintelligible" is of nie. (BANDOPNAME TERUGGESPEEL)

Dit is die deel wat betwis word, Edele.

HOF: Ek moet sê, "jy sien op 'n stadium" is 'n bietjie onduidelik, maar daardie "is toegesluit en dit is net die polisie wat daar staan" is duidelik. -- En die gedeelte wat sê "wel ek sê ons moet aangaan", dié is ook "unintelligible".

MNR. REES: Sê jy dit is "unintelligible" of beweer hulle dit is "unintelligible"? --- Die Verdediging beweer dit is "unintelligible".

10

MR. SOGGOT: M'lord, I think there is a misunderstanding, I do not think that we have made that contention, I think that we concede that the words "ons moet aangaan" are correct, it is the part preceding that which we say is unintelligible.

MR. REES: Just a minute, you can ask him just now when it is your turn. Goed, in elk geval, u sê soos dit hier geskryf is, is dit vir jou duidelik? --- Ja.

MR. SOGGOT: But after that, M'lord, the phrase "ons moet nê ons moet", that I think we claim is unintelligible.

(BANDOPNAME TERUGGESPEEL) ---- Dan die laaste sin op dieselfde bladsy "then sit on boys" - dit is die gedeelte wat nou net gespeel het, Edele "sit on, sit out, anything" die Verdediging maak 'n verandering hierso "then sit on boys sit on daar is nie 'n ander ding" - ek sal dit net aan die Hof terugspeel, ek kan net nie mooi hoor soos die Verdediging beweer daar nie. (BANDOPNAME TERUGGESPEEL)

20

HOF: Is dit "sit down" of "sit on"? --- "Sit on, Edele.

MNR. REES: Edele, in my submissie is dit duidelik, die woorde soos die getuie dit daar neergeskrywe het, en soos ek dit hoor ook. Gaan maar aan, die Verdediging kan dit later betwis as hulle wil.

30

Mr. / ...

MR. SOGGOT: M'lord, may I just get clarity, is the State's contention that what is typed there is correct?

MR. REES: Yes. Dit is so, is dit wat u bedoel? --- Ja, Edele.

Gaan maar aan? --- Dan bladsy 95, die eerste twee woorde in die eerste sin, hulle sê daar "so where di I meet" - dit is 'n tikfout "so where will I meet you", dit is hoe die sin moet lees, die "di" word geskrap en "so where will I meet you".

Dan die res, bladsy 96 tot 99 is wat u vanoggend ingehandig het? --- Dit is reg, Edele.

10

Dankie. Dit voltooi dan alles, dan is dit die paar stukkie wat die Verdediging miskien nog wil betwis, Edele, dan kan hulle besluit wat hulle wil doen.

MR. SOGGOT: M'lord, at this stage there are two aspects, the one is the latest transcription of the conversations between Accused No.4 and Muntu Myeza which becomes now 96 onwards of this Exhibit. That we have listened to, M'lord, and there are certain corrections which we were going to put to the State, that is in the very latest conversation which we asked for. Then I am not clear how we should proceed with all these other amendments, most of them seem to be of no consequence. Some of them may be material. It does seem, M'lord, it is going to be laborious and time-wasting, if the Court has to listen again and again to disputed passages. The difficulty with the passages is that it is very easy to hear something else, and in fact my learned friend says it was quite clear to him just now when he heard something, and I heard quite the opposite - something that the Accused had instructed us. I wonder whether perhaps I shouldn't perhaps consult with the Accused, and on the contentious issues perhaps listen with my learned friend and try and arrive at

20

30

an / ...

an agreement between now and our starting up again tomorrow, so that if anything does have to be thrashed out in front of the Court, it will take a minimum of time.

COURT: Yes, that is a good suggestion. Is there any other aspect that you would like to raise?

MR. PITMAN: No, M'lord.

COURT: Then I will take the adjournment now.

COURT ADJOURNS

/VMD.

Collection Number: AD1719

State v S Cooper and 8 others.

PUBLISHER:

Publisher:- Historical Papers, University of the Witwatersrand

Location:- Johannesburg

©2012

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- AD1719-Vol28

Document Title:- Volume 28, Pages 1891 - 1942.